Die vyfde

# Stilbaai Boekefees



## 2026
## 27-28 FEBRUARIE

## In die GEMEENSKAPSAAL

### Vrydag 27 Februarie

**09:00** Melkhoutfontein Primêr-skoolsaal. Die gewilde kinder- en jeugboekskrywers **Jaco Jacobs** en **Fanie Viljoen** gesels met leerders van graad 1-5.

**09:45** **Jaco Jacobs**, **Fanie Viljoen** en die opvoeder/skrywer **Sisca Julius** gesels met leerders van graad 6-12 oor boeke, skryf en lees. **Nadine Petrick** lei die gesprek.

**10:30** Seekombuis-ete. Die sjef, ontwerper en kunstenaar **Jacques Erasmus** vier die 15de verjaarsdag van sy bekroonde restaurant, Hemelhuijs, in Kaapstad met 'n luukse kosboek. Met **Ingrid Jones**.

**14:30** Koek, koffie en tee. Kontantkroeg open.

**15:00** "Die helfte is jou nie vertel van dié lieflike kleinood van **Thérèse Bartman** nie! Moet ook nie die grensbrekende manier waarop die digbundel aangebied word, misloop nie." – **Antjie Krog**. Elk van die gedigte in *Die helfte is jou nie vertel nie* het hul eie QR-kode met klankbane geskep deur Thérèse en Jitsvinger. Met **Louise Viljoen**.

**16:00** "Hier is 'n skrywerstem aan die woord wat 'n groot lesersgehoor verdien!" – **Thys Human**. **Michèle Meyer** se tweede roman, *Einde en begin*, is die grootwordverhaal van die vierjarige Marié wat met haar ouers na 'n sendingstasie in die destydse Rhodesië verhuis. Met **Elna van der Merwe**.

**18:00** Sake van die dag. Ons paneel van vier joernaliste ontrafel duistere politieke geheime, ontknoop tameletjies en poets die kristalbal om te kyk of die toekoms blink of nie. Met **Waldimar Pelser** (gespreksleier), **Qaanitah Hunter**, **Piet Croucamp** en **Lourensa Eckard**.

**19:30** Kuiertyd. Worsbraai en kontantkroeg.

### Saterdag 28 Februarie

**8:00** Koffie, ontbyt en pannekoeke te koop.

**9:00** Ná uitdagende teleurstellings kom *Lyfluister*, **Gretha van der Merwe** se ontdekkingstog deur geloof, natuurliefde, sielkunde, meditasie, joga en Oosterse filosofieë. Sy het 'n MA in sielkunde en is 'n meester-lewensafrigter. Met **Johannes de Villiers**.

**10:00** Die radio- en televisie-aanbieder **Charlene Lackay** het 'n stem soos 'n engel en kom sing geliefde getoonsette gedigte. Sy word begelei deur die Kaapse pianis **Tertia Visser Downey**, 'n bekende op die program van die Stilbaai-musiekvereniging.

**10:45** **Sophia Kapp** (*Sterre is vir altyd*) en **Chanette Paul** (*DéJà Vu*) is albei meesters van die liefdesverhaal. En as daar 'n goeie skoot lus bygeklits word, soveel te beter! Met **Charlene Lackay**.

**12:00** Gee ware feite en 'n geil verbeelding in die hande van twee opperste misdaadskrywers en wat kry jy? **Irma Venter** se *Die drie weduwees* en **PP Fourie** se *Die dood van Rachel April*. Met **Susanne Beyers**.

**13:00** Middagete te koop. Kontantkroeg heeldag.

**14:00** Van die voorgeskiedenis tot vandag, van Krotoa tot Miriam Makeba, Olive Schreiner en die sanger/liedjieskrywer Tyla. Die joernalis en akademikus **Lizette Rabe** het diep gaan delf vir *101 Remarkable South African Women*. Met **Ingrid Jones**.

**15:15** Twee romans wat in anderland in die sneeu afspeel wat in dieselfde jaar verskyn. Het **Gerda Taljaard** (*Die grafdigter*) en **Johannes de Villiers** (*Op pad na 'n klooster in die sneeu*) êrens uit dieselfde storiefontein gedrink? Met **Louise Viljoen**.

**16:30** In *Malema: Money. Power. Patronage* beskryf die joernaliste **Micah Reddy** en **Pauli van Wyk** onder meer hoe radikale leiers mense se griewe uitbuit om hulself te verryk en hoe geld van hande verwissel in SA politiek. Met **Kabous Meiring**.

### Sondag 1 Maart

**07:00** Joga en meditasie in Namo se ateljee. Met **Johannes de Villiers** en **Gretha van der Merwe**.

Bespreek by **Quicket.co.za** (of kontant by Blomstories oorkant Namo).

**Boeke heeldag te koop!**

